Ek het U lief

# Laat ons nie doelloos, nutteloos bly

## Bybelteks

*Die Here het Israel en Juda by monde van elkeen van sy profete ... gewaarsku: "Draai terug van julle verkeerde paaie af! Kom my gebooie en vaste voorskrifte na ..." Maar hulle het nie geluister nie. Hulle was so hardnekkig soos hulle voorouers, wat hulle vertroue nie gestel het in die Here hulle God nie. Hulle het sy vaste voorskrifte en sy verbond wat Hy met hulle voorouers gesluit het, verwerp ... Hulle het agter nuttelose afgode aangeloop en self nutteloos geword.*

**– 2 Konings 17:13-15**

## Kernwaarheid

**Die volk Israel het gekies om aan God ongehoorsaam te wees. Ons moet anders as Israel wees en na God luister.**

### WELKOM

- Hoe lyk iemand wat die Here met sy of haar dade liefhet?

- Hoe lyk iemand wat die Here met sy of haar gedagtes liefhet?

- Hoe lyk iemand wat die Here met sy of haar woorde liefhet?

### WONDER

- Waarna verwys die verbond, en hoe het Israel die verbond verbreek?

- Hoe het hulle ontrouheid aan God hulle lewe beïnvloed?

## WEES

Beantwoord die volgende vrae na aanleiding van die demonstrasie wat julle met die gholfballe en die sand gedoen het.

- Watter dinge, wat eintlik nie so belangrik is nie, word vir ons soms baie belangrik?
- Hoe lyk dit wanneer iets vir ons soos 'n afgod word?
- Hoe beïnvloed die dinge wat soos afgode vir ons is ons lewe?
- Watter dinge is veronderstel om die belangrikste in ons lewe te wees?
- Hoe kan ons sorg dat ons hierdie dinge die nodige plek in ons lewe gee?

## WEGSTUUR

Vul gedurende die week die glasie wat jy gekry het met dinge wat jou aan God se opdragte herinner, byvoorbeeld 'n teekersie wat jou aan die hoop van die evangelie laat dink.